23 Maart 2020

# KORONAVIRUS
# Kom ons STOP die verspreiding

## Beskerm jouself en jou familie teen koronavirus:




**Was hande gereeld** met seep en water.



**Moenie aan jou gesig raak** met ongewaste hande nie.

**Vermy noue kontak** met mense wat siek is of wat internasionaal gereis het.




**Reis veilig:**



- Maak vensters oop.
- Probeer om nie aan oppervlakke te raak nie.
- Moenie aan jou gesig raak nie.
- Was hande wanneer jy aankom.

## As jy ouer as 60 jaar is of 'n chroniese siekte het soos HIV, TB, hart- of longprobleme, is jou risiko vir ernstige koronavirus groter:



- Vermy sosiale byeenkomste.
- **As jy chroniese medikasie benodig, neem dit reg. As jy dit gestop het, gaan na jou gesondheidsfasiliteit om weer daarmee te begin.**

## Wat moet jy doen as jy hoes en koors, 'n seer keel en pyn in die liggaam kry?

**Jy het dalk koronavirus. Moenie paniekerig raak nie, meeste mense kry dit matig.**

- Rus by die huis, neem parasetamol vir koors of pyn.
- Kry advies by jou dokter of blitslyn.
- As jy sukkel om asem te haal, besoek jou dokter of kliniek dringend. Bel vooraf of laat weet die kliniek sodra jy daar aankom.




**Isoleer jouself vir 14 dae:**



- Bly by die huis.
- Moenie werk of skool toe gaan nie.
- Vermy openbare vervoer en openbare plekke.

## Voorkom verspreiding terwyl jy jouself isoleer:




**Was jou hande gereeld.**



**Maak oppervlakke gereeld skoon –** 4 teelepels bleikmiddel in 1 liter water.



**Vermy noue kontak**, selfs al bly jy in 'n stampvol plek. Moenie omhels, aanraak of soen nie.



**Hou jou hoes en nies toe.**

**Moenie** borde, koppies, eetgerei, handdoeke, beddegoed **deel nie**. Was dit gereeld.



**Maak vensters en deure oop.**



**Dit is dalk moeilik om hierdie advies te volg – doen die beste wat jy kan. Wees vriendelik en ondersteun mekaar deur hierdie stresvolle tyd.**

## Blitslyn:

## 0800 029 999 of 021 928 4102 of 0800 111 132

Vir meer inligting:
**www.westerncape.gov.za/coronavirus**

Wes-Kaapse Regering
Gesondheid

UNIVERSITY OF CAPE TOWN
IYUNIVESITHI YASEKAPA • UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD